# 8 Augustus 2023 - Lesing 94 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Ek sal vir julle die Trooster stuur 6/1/59

**NO: 7247** Julle almal wat treurend of angstig deur julle lewe op aarde gaan, sal getroos word. **My Liefde sal julle steeds volg en My Liefde wil nie dat julle ly nie**. En so wil Ek julle die ware Trooster stuur, **My Gees** wat aan julle woorde van liefde sal oordra. Woorde van troos en woorde van krag. Ek het julle My Gees belowe, dat Sy julle sal troos wanneer Ek nie meer in die liggaam op aarde sal vertoef nie. En hierdie belofte geld vir almal wat die weg oor die aarde gaan.

Johannes 14

*15 As julle My liefhet, onderhou **My Gebooie**.*

*16 EN Ek sal die VADER versoek, en HY sal julle 'n **ander Trooster** gee om by julle te bly tot in ewigheid: [Odes van Salomo 7:9; JesegiEl 36:26]*

*17 die Gees van die Waarheid wat die wêreld nie kan ontvang nie, **omdat sy Haar nie sien en Haar nie ken nie;** maar julle ken Haar, omdat Sy by julle bly **en in julle sal wees**. [1 Ezra 4:33-40]*

*18 **Ek sal julle nie as wese agterlaat nie**; Ek kom weer na julle toe.*

*26 maar die Trooster, die Gees van die Apartheid, wat die VADER in My Naam sal stuur, Sy sal julle alles **leer** en sal julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het. [Númeri 15:38-39; Odes van Salomo 3:10; 16:13; JeshaJaH 42:3; 2 Ezra 5:28]*

Steeds wil Ek Self in die Gees by julle wees en julle toespreek, sodat julle nie eensaam en verlate sal voel nie. Dat julle nie hoef te treur nie, dat julle nie bang sal wees en huiwer nie.

Johannes 15

*1 EK is die ware Wynstok, en My VADER is die Landbouer.*

*2 Elke loot wat **in My** nie vrug dra nie, neem HY weg; en elke loot wat vrug dra, Sy **maak HY skoon**, sodat Sy meer vrug kan dra. [Odes van Salomo 38:16-20]*

*3 Julle is alreeds skoon **deur die Woord** wat Ek tot julle gespreek het.*

*4 Bly in My, soos Ek in julle. Net soos die loot geen vrug kan dra van Haarself as Sy nie in die Wynstok bly nie, so julle ook nie as julle in My nie bly nie.*

***5 Ek is die Wynstok, julle die lote. Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug; want sonder My kan julle niks doen nie.***

*6 As iemand in My nie bly nie, **word hy uitgewerp** soos die loot en verdroog, en hulle maak haar bymekaar en gooi haar in die **vuur**, en sy verbrand.*

Want Ek is by almal wat My om troos en krag en liefde vra. My Gees is waarlik 'n Trooster. Want kan een mens julle liefdevoller toespreek **as wat die ewige Liefde Self dit doen**? En die ewige Liefde **uit Homself deur die Gees,** soos Hy dit belowe het: Ek wil aan julle die Trooster stuur, die Gees van die Waarheid. En hierdie Gees **wat My uitstraling** is, sal julle waarlik opbeur en troos. Sy sal julle nie sonder **krag** laat nie, Sy sal julle **versterk** en **moed** en krag gee. En julle sal die aardse bestaan kan hanteer, omdat julle julself aansluit en steun soek by My, wanneer **julle geesvonk hom met die Vadergees van ewigheid verbind**, om julle deur Haar te laat troos.

Steeds sal daar daarom net één weg wees wanneer julle hart treurig is, wanneer julle moed verloor in aardse of geestelike nood. **Die weg na My** sodat **My Gees** in julle werksaam kan word, sodat Sy Haarself kan uiter op so 'n manier dat julle versterk en vertroos op julle weg kan voortgaan, julle ware doel tegemoet. **Want dan spreek Ek julle Self toe**. En My Woorde sal soos balsem julle harte tref. Dit sal alle smart verlig en alle heimlike nood uit die weg ruim.

My Woord sal julle harte binnedring en aan elkeen die troos bring wat hy nodig het in sy leed. Ek het hierdie woorde nie sommer gespreek nie: “Ek sal vir julle die Trooster stuur”.

Want Ek was op hoogte van die velerlei node waarin My kinders sal beland wanneer hulle **die weg van die navolging van JaHshua wil gaan.** Op hierdie weg sou die leed nie op ’n afstand van julle gehou kan word nie. En in hierdie leed wou Ek julle verseker van My troos. En omdat Ek nie meer suiwer liggaamlik op aarde sou vertoef nie, belowe Ek Myne die “Trooster”, My Gees, dus Myself, net nie sigbaar as mens nie, maar **by elkeen teenwoordig** wat troos en krag nodig het en **My aanroep** om hulp in hul nood.

Maar Ek kan nie troostend optree waar daar nie om My Gees gevra word nie, waar geen band is tussen die geesvonk in die mens en die Vadergees van ewigheid nie. Ek moet wag tot die oproep tot My ore deurdring, dat 'n mens homself in nood bevind en **hy hulp van My verwag**. Dan is Ek wel bereid om te help, want **My Trooster** het Ek belowe aan almal wat in My glo en na Haar (**Waarheid**) verlang.

En daarom hoef geen mens moedeloos te wees, wat hom ookal beswaar nie. Want julle sal steeds by My troos en hulp vind en Ek sal dit ook heel duidelik aan julle verleen, sodat My Gees en Haar werksaamheid sigbaar sal word, ooreenkomstig My belofte: “Ek sal julle die Trooster stuur, die Gees van Waarheid”.

Julle sal aan My belofte kan vashou, as julle moedeloos of bedruk is, want My Woord is waarheid en niemand, wat hulself tot My wend in hul nood, hoef **ongetroos** van My af weg gaan nie. Amein.